



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**REKENINGKUNDE**

**MODEL 2013**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n 16 bladsy-antwoordeboek.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die instruksies hieronder aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	KATEGORIE	PUNTE	MINUTE
1	BTW, Ledegeld en Krediteurerekonsiliasie	Finansiële rekeningkunde	40	24
2	Vervaardiging en Etiek	Bestuursrekeningkunde	50	30
3	Balansstaat, Vaste Bates en Notas	Finansiële rekeningkunde Bestuur van hulpbronne	80	48
4	Ontleding en Vertolking van Inligting	Finansiële rekeningkunde	55	33
5	Begroting, Etiek en Interne Beheer	Bestuursrekeningkunde	40	24
6	Periodieke Voorraadstelsel, Interne Beheer en Probleemoplossing	Bestuur van hulpbronne	35	21
<b>TOTAAL</b>			<b>300</b>	<b>180</b>

**VRAAG 1: BTW, LEDEGELD EN KREDITEUREREKONSILIASIE****(40 punte; 24 minute)**

Hierdie vraag bestaan uit drie afsonderlike onderafdelings oor verskillende onderwerpe.

**1.1 BTW**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Quick Buy, 'n geregistreerde BTW-handelaar. Alle goedere is aan 14% BTW onderhewig.

**GEVRA:**

Bereken die BTW-bedrag verskuldig aan SAID aan die einde van Junie 2013. (13)

**INLIGTING:****UITTREKSEL UIT DIE JOERNALE VAN QUICK BUY**

	<b>BTW UITGESLUIT</b>	<b>BTW</b>	<b>BTW INGESLUIT</b>
Kontantontvangstejoernaal	1 413 000	?	
Kontantbetalingsjoernaal		173 880	
Debiteurejoernaal		?	596 790
Debiteureafslagjoernaal		10 395	
Krediteurejoernaal		87 255	
Krediteureafslagjoernaal		10 815	
Oninbare skulde afgeskryf		?	6 840
Onttrekkings deur eienaar	13 500	?	

**1.2 SPORTKLUBS**

Jy word voorsien van inligting oor die Durbanse Veerpyltjieklub.

**GEVRA:**

Stel die Ledegeldrekening vir die jaar geëindig 31 Desember 2012 op. (12)

**INLIGTING:****Uittreksel uit die Na-aansuiweringsproefbalans op 31 Desember 2011**

Opgelope inkomste (Ledegeld)	R3 150
Vooruitontvange inkomste (Ledegeld)	1 750

**Uittreksel uit die Ontvangste-en-betalingstaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2012**

Ledegeld ontvang	R31 500
2011	2 100
2012	28 000
2013	1 400

**ADDISIONELE INLIGTING:**

- (a) Op 1 Januarie 2012 het die klub 84 geregistreerde lede gehad en die ledegeld is op R350 per jaar vasgestel.
- (b) Agt nuwe lede het gedurende 2012 by die klub aangesluit. Hulle ledegeld is ten volle betaal.
- (c) Enige uitstaande ledegeld vir 2011 moet afgeskryf word. Hierdie lede is by die klub gederegistreer.
- (d) 'n Aantal lede skuld nog hulle ledegeld vir 2012.

**1.3 KREDITEUREREKONSILIASIE**

Jy word voorsien van die rekening van Boo Groothandelaars in die Krediteurgrootboek van Max Handelaars en die rekeningstaat ontvang van Boo Groothandelaars. Die staat toon transaksies tot en met 25 Mei 2013.

**GEVRA:**

1.3.1 Noem die veranderinge wat Max Handelaars in die Krediteurgrootboek-rekening van Boo Groothandelaars sal aanbring om by die korrekte saldo uit te kom. (5)

1.3.2 Stel die Krediteurerekonsiliasiestaat op 31 Mei 2013 op. (10)

**INLIGTING:****Krediteurgrootboek van Max Handelaars****C 15. Boo Groothandelaars**

DATUM		BESONDERHEDE	DEBIET	KREDIET	SALDO
Mei	1	Saldo			Krediet 28 600
	7	Faktuur 151		4 100	32 700
	10	Debietnota 40	420		32 280
	14	Tjek 271	14 400		17 880
		Korting	300		17 580
	20	Faktuur 164		2 800	20 380
	22	Debietnota 48	600		19 780
	28	Faktuur 182		5 100	24 880

**Rekeningstaat van Boo Groothandelaars ontvang**

<b>BOO GROOTHANDELAARS REKENINGSTAAT</b>					
Funnystraat 21 Pretoria 0001			Rekeningnr. 789 Transaksies tot 25 Mei 2013		
Max Handelaars Lonelystraat 12, Edenvale					
<b>Datum</b>		<b>Besonderhede</b>	<b>Debiet</b>	<b>Krediet</b>	<b>Saldo</b>
Mei	1	Saldo			Debiet 28 600
	7	Faktuur 151	4 100		32 700
	10	Kredietnota 35		240	32 460
	14	Betaling		14 400	18 060
		Korting		300	17 760
	20	Faktuur 164		2 800	14 960
	23	Faktuur 175	10 400		25 360

**Verwys na die addisionele inligting.**

**ADDISIONELE INLIGTING:**

Toe die rekeningstaat wat van Boo Groothandelaars ontvang is, met die rekening in die Krediteuregrootboek van Max Handelaars vergelyk is, is die volgende foute ontdek:

- Die Debietnota van 10 Mei 2013 is korrek in die rekeningstaat, ontvang van Boo Groothandelaars, as Kredietnota 35 geboekstaaf.
- Max Handelaars het navraag gedoen oor Faktuur 175 vir R10 400 op die rekeningstaat ontvang van Boo Groothandelaars. Dit blyk dat dit vir goedere verkoop aan Maxie Winkels is. Boo Groothandelaars sal hierdie inskrywing gedurende Junie regstel.
- Debietnota 48 wat deur Max Handelaars uitgereik is, is nie deur Boo Groothandelaars erken nie. Hulle sê dat die waarde van die goedere teruggestuur R670 is en dat dit volgende maand geboekstaaf sal word.

**VRAAG 2: VERVAARDIGING EN ETIEK****(50 punte; 30 minute)****2.1 KOSTEBEGRIPPE**

Kies slegs die DRIE VASTE KOSTE uit die lys van koste hieronder.

Grondstofkoste	Direkte-arbeidskoste
Salaris: Fabrieksvoorman	Verkoopskommissie: Verkoopspersoneel
Fabriekshuur	Salaris: Rekenmeester

(3)

**2.2 GROOTBOEKREKENINGE**

Jy word voorsien van inligting oor Kitty Delights Vervaardigers vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2013. Die onderneming vervaardig 1 kg-pakke katkos.

Die deurlopende voorraadstelsel word vir alle voorraad gebruik, behalwe in die geval van indirekte materiaal waar die periodieke stelsel gebruik word.

**GEVRA:**

Stel die volgende Grootboekrekening op:

- 2.2.1 Grondstofvoorraad (8)  
 2.2.2 Goedere-in-bewerking-voorraad (11)  
 2.2.3 Fabrieksboekoste (16)

**INLIGTING:**

**Voorraad voorhande aan die begin en einde van die finansiële jaar**

	1 MAART 2012	28 FEBRUARIE 2013
Grondstofvoorraad	R80 000	R55 000
Goedere-in-bewerking-voorraad	25 000	40 000
Klaarprodukte-voorraad	62 500	10 600
Indirekte materiaal (Verbruiksgoedere voorhande)	7 500	5 300

**TRANSAKSIES GEDURENDE DIE JAAR:**

- (a) **GRONDSTOWWE:**  
 Gekoop vir kontant, R120 000. 'n Bykomende R10 500 is vir die vervoer van grondstowwe na die fabriek betaal.
- (b) Die volgende koste moet tussen die drie departemente volgens die vloerspasie verdeel word: Fabriek (200 vierkante meter); Verkoopsafdeling (50 vierkante meter) en die Administratiewe Afdeling (50 vierkante meter):
- Water en elektrisiteit betaal gedurende die jaar beloop R25 200. Die rekening van R1 800 vir Februarie 2013 is nog nie betaal nie.
  - Huur: Totaal vir die jaar, R69 600.
- (c) **INDIREKTE MATERIAAL:**  
 Op krediet gekoop gedurende die jaar, R22 300. 'n Bykomende R700 is uit die kleinkas betaal om hierdie voorraad by die fabriek afgelewer te kry. 75% van alle indirekte materiaal word in die fabriek gebruik.

- (d) LONE EN SALARISSE VIR DIE JAAR:
- |  |          |
|--|----------|
| Salaris van fabrieksvoorman  | R120 000 |
| Fabriekslone   | 550 000  |
| Administratiewe salarisse  | 151 200  |
| Kommissie aan verkoopsman betaal   | 72 000   |
| Skoonmaker se loon ( $\frac{3}{4}$ van die skoonmaker se tyd word in die fabriek spandeer) | 37 800   |
- (e) ANDER DIVERSE UITGAWES (INSLUITEND WAARDEVERMINDERING):
- |                          |          |
|--------------------------|----------|
| Fabriek                  | R110 000 |
| Administratiewe afdeling | 322 000  |
| Verkoopsafdeling         | 175 000  |
- (f) 50 000 pakke katkos (droë katkos) is gedurende die huidige finansiële jaar vervaardig.

### 2.3 ONTLEDING VAN KOSTE:

Die eienaars van Kitty Delights Vervaardigers is nie gelukkig met die produksiekoste aangegaan gedurende die huidige finansiële jaar nie. Die bestuursrekenmeester het die volgende syfers voorgelê nadat alle koste in berekening gebring is.

	TOTAAL VIR DIE JAAR	EENHEDE VERVAARDIG	EENHEIDSKOSTE
Veranderlike koste	R958 550	50 000 pakke	R19,17
Vaste koste	R841 200	50 000 pakke	R16,82

Die eienaars het die volgende voorstel vir die volgende bestuursvergadering voorgelê:

#### VOORSTEL:

- (1) Die inhoud van elke pak katkos moet onmiddellik vanaf 1 kg tot 900 gram verminder word.
- (2) Die grootte van die verpakking moet dieselfde bly om koste om masjinerie aan te pas, te bespaar.
- (3) Die verkoopprijs per pak katkos moet vanaf volgende jaar na R45,50 verhoog word. Die huidige verkoopprijs is R41,28.

#### GEVRA:

- 2.3.1 Gebruik die syfers wat jy in VRAAG 2.2.3 bereken het om die eenheidskoste van produksie van 'n 1 kg-pak katkos te bereken. Toon jou bewerkings. (3)
- 2.3.2 Bereken die gelykbreekpunt vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2013. Toon jou bewerkings. (5)
- 2.3.3 Verduidelik die raad wat jy aan die eienaars sal gee oor die voorstel wat gedurende die bestuursvergadering bespreek sal word. Verduidelik TWEE punte. (4)

**VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE, FINANSIËLE STATE EN VASTE BATES**  
(80 punte; 48 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Kaydee Winkels. Kay en Dean is die eienaars van die vennootskap.

**GEVRA:**

- 3.1 Stel die volgende notas tot die finansiële state op 28 Februarie 2013 op. Let op dat totaal kolomme nie verlang word nie. Geen ander notas word verlang nie.
- 3.1.1 Vaste bates (13)
- 3.1.2 Privaat rekeninge (22)
- 3.2 Stel die Balansstaat op 28 Februarie 2013 op. Toon jou bewerkings tussen hakies aangesien notas NIE verlang word NIE. (45)

**INLIGTING:**

1. Die syfers hieronder is aan die einde van die finansiële jaar op 28 Februarie 2013 uit die rekeningkundige rekords geneem.

Kapitaal: Kay	R1 800 000
Kapitaal: Dean	1 200 000
Privaat rekening: Kay (debit)	55 000
Privaat rekening: Dean (krediet)	160 000
Onttrekkings: Kay	270 000
Onttrekkings: Dean	320 000
Vaste deposito: Queens Bank	850 000
Wisselgeld	2 000
Oortrokke bankrekening	9 800
Verbandlening van Goodwill Bank	430 000
Grond en geboue (kosprys)	2 465 920
Toerusting (kosprys)	620 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	280 000
Debiteurekontrole	128 000
Voorsiening vir oninbare skulde	12 500
Krediteurekontrole	244 375
Handelsvoorraad	695 130
SAID (LBS)	12 200
Vooruitontvange inkomste	6 600

2. **AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:**

- (a) Die onderneming het 'n netto wins van R1 020 000 vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013 getoon (nadat alle aansuiwerings hieronder in ag geneem is).
- (b) **DEBITEUREKONTROLE:**
- 'n Addisionele bedrag van R6 000 moet as oninbaar afgeskryf word.
  - Die voorsiening vir oninbare skulde moet tot 6% van debiteure aangesuiwer word.

- (c) 'n Tydelike werknemer, B Burns, is foutiewelik uit die Salarisjoernaal weggelaat. Sy netto salaris was R6 290 en sy LBS-afrekkings was 15% van sy bruto salaris. Hy het geen ander afrekkings of voordele nie.
- (d) 'n Versekeringspolis met 'n jaarlikse premie van R46 680 verval op 31 Mei 2013.
- (e) Kay het goedere teen kosprys vir persoonlike gebruik geneem. Die gemerkte verkoopprijs was R57 600. Die winsopslag was 80% op kosprys.
- (f) Die rente op die lening van Goodwill Bank is nog nie aangeteken nie. Die leningstaat toon die volgende:

Saldo op 1 Maart 2012	R625 000
Rente gekapitaliseer	?
Maandelikse terugbetalings (R16 250 x 12 maande)	R195 000
Saldo op 28 Februarie 2013	R508 125

Volgens die leningsooreenkoms sal die lening met R120 000 oor die volgende finansiële jaar verminder word.

- (g) Daar is twee vaste deposito's by Queens Bank. 'n Vaste deposito van R60 000 verval op 30 September 2013. Die res verval op 31 Desember 2015.
- (h) VASTE BATES:
- Gedurende die jaar is 'n bedrag van R169 000 na die Grond-en-Gebouerekening gedebiteer. Dit was vir 'n addisionele stoorkamer (R140 000) en herstelwerk aan die plafon (R29 000). Die fout moet reggestel word.
  - Waardevermindering op toerusting is 20% p.j. op kosprys.
  - Op 31 Desember 2012 is toerusting vir kontant verkoop teen 'n verlies van R3 500. Dit is nie aangeteken nie. Die koper het die bedrag elektronies oorgeplaas. Geen inskrywing is in die boeke van die besigheid gemaak nie. Die besonderhede van die bate wat uit die Vastebateregister verkoop is, is soos volg:
    - Kosprys, R18 000
    - Opgehoopte waardevermindering aan die begin van die finansiële jaar, R9 000.
- (i) Die vennootskapsooreenkoms maak voorsiening vir die volgende:
- Salaris aan elke vennoot, R20 000 per maand.
  - Rente op kapitaal teen 10% p.j. Neem kennis dat Dean sy kapitaal op 1 Desember 2012 met R200 000 vermeerder het. Dit is korrek aangeteken.
  - Dean het 'n bonus van R175 000 vir die jaar ontvang.
  - Die oorblywende wins of verlies word in die verhouding 3 : 1 tussen Kay en Dean verdeel.

**VRAAG 4: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (55 punte; 33 minute)**

- 4.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.1.1.–4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A BESKRYWING		KOLOM B TERM
4.1.1	Die vermoë van 'n besigheid om sy korttermynskulde te vereffen	A hefboom/risiko
4.1.2	Die vermoë van 'n besigheid om al sy skulde te vereffen	B opbrengs op eie kapitaal
4.1.3	Die mate waartoe 'n besigheid eksterne lenings gebruik om sy bedrywighede te finansier	C solvensie
4.1.4	Die vermoë van 'n besigheid om sy inkomste en bedryfsuitgawes te beheer	D likiditeit
4.1.5	Die mate waartoe die eienaars vir hulle belegging in 'n besigheid vergoed is	E bedryfsdoeltreffendheid

(5)

- 4.2 Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Temjo Klerehandelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013, tesame met vergelykende syfers vir 2012. Twee vennote, Temba en Jolene, is die eienaars van die besigheid.

**INLIGTING:****Uittreksel uit die finansiële state**

	2013	2012
Verkope (60% op krediet)	R3 900 000	R3 200 000
Koste van verkope	(2 500 000)	(2 000 000)
Bruto wins	1 400 000	1 200 000
Bedryfsuitgawes	(680 000)	(660 000)
Bedryfswins	720 000	540 000
Rente op lenings (13% p.j.)	(117 000)	(26 000)
Netto wins	603 000	514 000
Vennote se ekwiteit aan einde van jaar	2 110 000	1 940 000
Nie-bedryfslaste (lenings)	900 000	200 000
Bedryfslaste	440 000	320 000
Handelskrediteure	400 000	270 000
Nie-bedryfsbates	2 130 000	1 930 000
Bedryfsbates	1 320 000	510 000
Voorrade (alles handelsvoorraad)	920 000	230 000
Handelsdebiteure	280 000	130 000

	2013		2012	
	Temba	Jolene	Temba	Jolene
Kapitaal	1 000 000	1 000 000	1 000 000	800 000
Privaat rekeninge aan einde van jaar	(165 000)	275 000	(35 000)	175 000
Vennote se salarisse	170 000	170 000	110 000	170 000
Rente op kapitaal (5% p.j.)	50 000	50 000	50 000	40 000
Bonusse aan vennote	83 000	0	0	0
Deel van oorblywende wins	40 000	40 000	72 000	72 000
Onttrekkings	(473 000)	(160 000)	(287 000)	(167 000)

### Finansiële aanwysers

	2013	2012
Solvensieverhouding	2,2 : 1	3,7 : 1
Likiditeitsverhouding	2,9 : 1	1,6 : 1
Vuurproefverhouding	(a)	0,9 : 1
Vorraadomsetsnelheid	4 keer	9 keer
Tydperk waarvoor voorraad voorhande is	84 dae	44 dae
Debiteure-invorderingstermyn	(b)	30,4 dae
Krediteurebetalingstermyn	32,0 dae	22,0 dae
Skuld-ekwiteitsverhouding	(c)	0,1 : 1
Rentekoers op lenings	13%	13%
% winsopslag op koste van verkope	56,0%	60,0%
% bedryfsuitgawes op verkope	(d)	20,6%
% bedryfswins op verkope	18,5%	16,9%
% netto wins op verkope	15,5%	16,1%
% opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang	(e)	26,4%
% opbrengs deur Temba verdien	38,1%	24,0%
% opbrengs deur Jolene verdien	23,1%	28,9%

### GEVRA:

4.2.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2013. Toon ALLE bewerkings.

- (a) Vuurproefverhouding (4)
- (b) Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn (5)
- (c) Skuld-ekwiteitsverhouding (3)
- (d) Bedryfsuitgawes op verkope (3)
- (e) % opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang (4)

4.2.2 Die vennote is tevrede met die manier waarop hulle die bedryfsuitgawes in 2013 beheer het. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike syfers of persentasies) aan om hulle mening te staaf. (4)

- 4.2.3 Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die onderneming vir 2013. Haal finansiële aanwysers (werklike syfers of persentasies) aan om jou antwoord te staaf. Noem VYF punte. (10)
- 4.2.4 Die vennote het gedink dat dit 'n goeie idee sou wees om meer lenings in 2013 te gebruik. Haal TWEE finansiële aanwysers (werklike syfers of persentasies) aan om hul mening te staaf. Wat het hulle gedoen met die geld wat hulle geleen het en hoe het dit die onderneming beoordeel? (9)
- 4.2.5 Lewer kommentaar op die % opbrengs wat die onderneming verdien het. Temba is baie tevrede met sy opbrengs, maar Jolene is teleurgesteld. Verduidelik waarom hulle so voel. Haal finansiële aanwysers (werklike syfers of persentasies) aan om jou antwoord te staaf. (8)

**VRAAG 5: BEGROTING****(40 punte; 24 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Westway Boekwinkel. Die eienaar, Wesley West, vra jou hulp met sy kontantbegroting vir die drie-maande-tydperk Desember 2013 tot Februarie 2014.

**GEVRA:**

- 5.1 Wesley wil 'n Kontantbegroting en 'n Geprojekteerde Inkomstestaat opstel.
- Verduidelik EEN ooreenkoms tussen hierdie twee items. (2)
  - Verduidelik EEN verskil tussen hierdie twee items. (2)
- 5.2 Gee die ontbrekende syfers in die Debiteure-invorderingskedule. (8)
- 5.3 Identifiseer of bereken die volgende ontbrekende syfers in die Kontantbegroting op bladsy 15:
- Die syfers onderaan wat **A**, **B** en **C** gemerk is (3)
  - Die syfers onder Ontvangste wat **D** en **E** gemerk is (5)
  - Die syfers onder Betalings wat **F**, **G** en **H** gemerk is (7)
- 5.4 Die werknemers het Wesley se begroting gesien en hulle is baie ontevrede daarmee. Hulle oorweeg almal om te bedank.
- Hoekom voel hulle so? Noem TWEE punte. (4)
  - Wat kan Wesley vir hulle sê om die probleem op te los? Noem EEN punt. (2)
- 5.5 Na jou mening, beheer Wesley die invordering van sy debiteure goed? Verduidelik, deur syfers aan te haal om jou mening te staaf. (3)
- 5.6 In November het Wesley sy werklike syfers met sy begrote syfers vergelyk. Jy word voorsien van die volgende inligting:

BESONDERHEDE	BEGROOT	WERKLIK
Huurinkomste	R11 000	R5 000
Telefoonuitgawes	R1 000	R3 200

- Lewer kommentaar op elke item en gee Wesley advies oor EEN punt. (4)

**INLIGTING:**

## (a) VERKOPE, WINSOPSLAG EN AANKOPE:

- Verwagte totale verkope:

NOV 2013	DES 2013	JAN 2014	FEB 2014
R60 000	R96 000	R54 000	R54 000

- Kredietverkope is 66⅔% van alle verkope.
- Die winsopslag-% is 60% op die kosprys.
- Voorraad word op 'n maandelikse basis vervang.
- Alle voorraad word kontant aangekoop.

## (b) VERWAGTE INVORDERINGS VAN DEBITEURE:

- 20% betaal in die transaksiemaand, onderhewig aan 'n 5%-kontantkorting.
- 30% betaal in die 1ste maand na die transaksiemaand (30 dae).
- 35% betaal in die 2de maand na die transaksiemaand (60 dae).
- 7% betaal in die 3de maand na die transaksiemaand (90 dae).
- Die res word as oninbaar afgeskryf aan die einde van die 3de maand.

## (c) VASTE DEPOSITO'S:

Op 1 Desember 2013 was die bedrag in vaste deposito's belê R250 000.  
Die rentekoers op die vaste deposito's is 6% p.j.  
Een van die vaste deposito's verval op 1 Februarie 2014.

## (d) ELEKTRISITEIT:

As gevolg van die reusestyging in die Eskom-prys, het Wesley besluit om in die begrotingstydperk die elektrisiteitsbegroting elke maand met 10% te verhoog.

## (e) LONE:

Wesley het vier deeltydse werkers in diens wat dwarsdeur Desember werk. Hulle verdien almal dieselfde maandelikse bedrag. Een van die werkers het aangedui dat hy op 31 Desember 2013 gaan bedank. Hy sal nie vervang word nie, maar Wesley sal die ander werkers op 1 Januarie 2014 'n 3%-verhoging gee.

(f) **KONTANTBEGROTING VIR DIE TYDPERK DESEMBER 2013 TOT FEBRUARIE 2014**

	<b>DES 2013</b>	<b>JAN 2014</b>	<b>FEB 2014</b>
<b>ONTVANGSTE</b>			
Kontantverkope	<b>D</b>	18 000	18 000
Invordering van debiteure	?	?	?
Huurinkomste	11 000	12 320	12 320
Toename in lening		100 000	
Rente op vaste deposito (6% p.j.)	1 250	1 250	550
Vaste deposito verval			<b>E</b>
Diverse inkomste	?	?	?
<b>TOTALE ONTVANGSTE</b>	<b>85 310</b>	<b>175 210</b>	<b>214 510</b>
<b>BETALINGS</b>			
Kontantaankope	<b>F</b>	33 750	33 750
Lone	19 200	<b>G</b>	?
Elektrisiteit	900	?	<b>H</b>
Telefoon	1 000	1 200	1 200
Herstel- en onderhoudskoste	4 000	30 000	4 000
Eiendomsbelasting		43 200	
Advertensies	?	?	?
Toerusting			80 000
Rente op lening	4 200	5 200	5 000
Terugbetaling van lening	20 000	20 000	20 000
Onttrekkings	25 000	25 000	25 000
<b>TOTALE BETALINGS</b>	<b>135 050</b>	<b>174 672</b>	<b>186 246</b>
<b>KONTANTSURPLUS/TEKORT VIR MAAND</b>	<b>(49 740)</b>	<b>A</b>	<b>28 339</b>
<b>SALDO AAN BEGIN VAN MAAND</b>	<b>76 000</b>	<b>26 260</b>	<b>C</b>
<b>SALDO AAN EINDE VAN MAAND</b>	<b>26 260</b>	<b>B</b>	<b>55 137</b>

**VRAAG 6: PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL EN PROBLEEMOPLOSSING**  
**(35 punte; 21 minute)****6.1 ALPHA SKRYFBEHOEFTEWINKEL**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Alpha Skryfbehoeftewinkel vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013. Die besigheid gebruik die periodieke voorraadmetode.

**GEVRA:**

- 6.1.1 Stel die Handelsrekening op. Toon bewerkings tussen hakies. (15)  
6.1.2 Bereken die koste van verkope. Toon ALLE bewerkings. (6)  
6.1.3 Bereken die winsopslag-% bereik. (3)  
6.1.4 Die besigheid mik vir 'n winsopslag-% van 65%. Gee TWEE moontlike redes waarom die werklike winsopslag-% van die beoogde winsopslag-% verskil. (2)

**INLIGTING:**

- Handelsvoorraad is soos volg gewaardeer:
  - R245 000 op 1 Maart 2012
  - R302 000 op 28 Februarie 2013
- Goedere gedurende die jaar op krediet aangekoop, R960 000
- Goedere aan verskaffers teruggestuur, R26 000
- Vraggeld gedurende die jaar aan KZN Afleverings betaal:
  - Op goedere aan Alpha Skryfbehoeftewinkel gelewer, R35 000
  - Op goedere aan klante gelewer, R22 000
- Een verskaffer, Penguin Papier, het erken dat daar 'n fout op 'n faktuur vir goedere gelewer gedurende die jaar was. Die faktuur het getoon dat 'n 10%-handelskorting toegeken is. Die bedrag van die faktuur, R37 800, is ingesluit in die bedrag wat in INLIGTING 2 hierbo genoem is. Penguin Papier het ingestem dat 'n 25%-handelskorting toegeken moes gewees het. Hulle het 'n kredietnota vir die toepaslike bedrag uitgereik.
- Goedere bestaande uit vergulde penne is van Top Notch Pens in die VSA ingevoer. Top Notch Pens is onmiddellik 6 000 Amerikaanse dollar betaal. Die wisselkoers is R9,00 tot die Amerikaanse dollar. Alpha Skryfbehoeftewinkel het ook R4 800 aan Fedex betaal vir die vervoer van die penne. Doeanebelasting op hierdie goedere is teen 40% gehef en dit is aan die SAID betaal toe die goedere in die land aangekom het.
- Die eienaar, Alan Alpha, het goedere met 'n kosprys van R3 200 vir persoonlike gebruik geneem.
- Goedere is gedurende die jaar vir R1 532 900 verkoop.

**6.2 FREDDY SE VRUGTESAPPE**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Freddy se Vrugesappe vir die week geëindig 7 Junie 2013.

Freddy het drie persone in diens om sy drie winkels in verskillende dele van die dorp te bestuur: Pete, Jack en Sam. Hy betaal hulle elkeen 'n loon van R1 000 per week om elke winkel te bestuur. Hy doen 'n interne oudit op elke winkel aan die einde van elke week.

Hy verkoop verskillende geure vrugtesap in 500 ml-bottels in al drie winkels. Die kosprys van die vrugtesap is R5,00 per bottel en hy pas 'n winsopslag van 50% op elke bottel toe. Die gewone verkoopprijs is dus R7,50 per bottel.

**GEVRA:**

Bestudeer die syfers gegee en identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke winkel. Gee syfers om jou antwoord te staaf. Gee ook in elke geval 'n geldige oplossing.

(9)

**INLIGTING:**

	<b>Pete se winkel</b>	<b>Jack se winkel</b>	<b>Sam se winkel</b>
Beginvoorraad	200 bottels	600 bottels	100 bottels
Bottels aan winkels verskaf	2 000 bottels	1 600 bottels	1 200 bottels
Eindvoorraad	240 bottels	280 bottels	900 bottels
Verkope	1 960 bottels	1 820 bottels	400 bottels
Kontant gedeponeer (verkope)	R13 700	R13 650	R3 000
Koste van verkope	R9 800	R9 600	R2 000

35

**TOTAAL: 300**